Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,
Ek wil probeer om in die volgende maande [jaar?] ‘n paar briewe te skryf oor die persone na wie die strate in die middestad van ou Pretoria vernoem is. Ek wil dit bv. noem Skinner van Skinnerstaat, Vermeulen van Vermeulenstraat ens. Hoe lyk dit - Wie het inligting ?

---------------------------------------------------------------

Dranklissensies in 1868

Volgens die Staatskoerant is daar in die jaar 1868 net 6 persone in Pretoria aan wie dranklisensies toegeken is. Die dranklisensies is deur die Landdros toegeken en was meestal net vir drie maande. In een geval was dit darem vir ses maande. Daar word ongelukkig nie genoem hoeveel hulle moes betaal vir ‘n dranklisensie nie. Slegs een persoon mag drank per bottel verkoop, al die ander is beperk tot verkope in kleinmaat [dit is seker per glas].

**1. Albert Brodrick**

Hy is die enigste een in Pretoria wat ‘n dranklisensie verkry om drank per bottel te verkoop. Sy adres word gegee as erf 322 Kerkplein. Dit is die erf waar sy bekende kroeg “The Hole in The Wall” was.

Brodrick was die skrywer van verskeie gedigte [sien my brief van Mei 2004] en het ook vele besigheidsbelange gehad. Hy het ook baie advertensies in die koerante gehad, sommige van hulle tong in die kies. So het hy bv. geadverteer dat hy ‘n besending gegeurde sardiens ontvang het.

A. Brodrick

Has made special arrangements with an eminent
Fishing Firm in Genoa to supply him with

Scented Sardines

The saving which is obvious. After using the Fish, the Oil can be applied to the Hair, being exquisitely impregnated with Otto of Roses.

See opinions of the Press
“We have tried it with effect” *Garibaldian Press*
“We like ‘em and our children lick ‘em. *Punch on the Diamond Fields*
“The tins are spacially prepared with places for small axeles and wheels, so that the infantine population can be supplied with wagons at a moderate cost, wheels, 1/s the set. “

**2. Christiaan Meyer**

In November 1864 begin hy die Pretoria Hotel in Pretoriusstraat. In 1868 word elke drie maande ‘n dranklisensie in kleinmaat aan hom toegestaan. Sy adres word aangegee as 416 Pretoriusstraat. Dit is reg agter die ou Raadsaal. Die nommer 416 is volgens Du Toit se kaart van 1857 -1859. In die later kaart van Pretoria word die nommer van die perseel aangegee as 459, en nog later word dit gekonsolideer met ‘n deel van die erf langsaan en word die nommer 2718 Pretoriusstraat.

Daar word na hom verwys as C. Meyer, Christiaan Meyer of C.J.H. Meyer. Die enigste ander interessante gegewens wat ek oor hom kon opspoor is die verskoning wat hy in Mei 1867 in die Staatskoerant laat plaas het.

Christiaan Meyer, Hotel-houer te Pretoria doen die volgende bekentenis voor vrederegter S.J. Meintjes. Hy verklaar dat C.N. Smit, M.J. Oosthuizen en C.J. Verdoorn verkeerdelik deur hom gearresteer is – dat hy van harte sy leedwese en berou oor die gebeure tekenne gee – en

dat hy bogenoemde Heere voor die wereld verklaar as eerlik teenoor hom gehandel. Dat hy niks op hul eer en karakter kan sê, en vertrou dat die openhartige erkentenis deur hulle aangeneem sal word as 'n apologie of "Amende Honorabel" vir die aan hulle gepleegde daad, en dat daardeur die bestaande kwessie tussen hulle en die gesegde Meyer afgehandel is.

C.J. Verdoorn aanvaar die verskoning, ook namens die ander, en Veldkornet J.W. Fisher teken as getuie. [Ek wonder wat het daar gebeur, maar dit sal mens seker nooit uitvind nie]

**3. Marais, P.J.**
Hy het 'n lisensie verkry om drank te verkoop in die pakhuis van Wm. Munro agter Kerkplein. Ook bekend as Lang Piet Marais. Hy was 'n oom van die digter Eugene Marais.

**4. Marais & Preller**
P.J. Marais het in venootskap met J.C. Preller op Kerkplein veilings gehou. Hulle het 'n dranklisensie verkry om voor die aanvang van 'n veiling drank te verkoop. [seker om die mense in 'n goeie stemming te kry?]

**5. Murry & Co.**
In 1867 het A.K. Murry van Murry & Co. 'n dranklisensie gekry vir drank in bottels maar in 1868 is slegs 'n kleinmaat dranklisensie vir ses maande toegeken. Die adres word gegee as erf 321 Kerkplein. Dit wil sê waar die huidige poskantoor gebou is.

**6. T. Jackson**
Verkry 'n dranklisensie vir drie maande. Sy adres is Erf 350 Kerkplein. Dit is die erf waar die Capitool teater later gebou is. Die naam van die hotel word ongelukkig nie genoem nie.

----------------------------------------

<u>In die Junie geselsbrief het Mari Mosterd dievolgende gevra:</u>
Iets waaroor ek nog altyd wonder, is die straatlampe van die ou tyd. Ook die lampe in die kerke. Dit lyk my daar is nie aanddienste gehou nie, slegs oggend en middag dienste. Was dit te wyte aan die feit dat daar nie voldoende ligte was in die kerk nie?

<u>Arend Brink en David van Staden het die volgende antwoorde:</u>
My kennis van kerkdienste. My oupa was self baie lank in die bediening en ek het verstaan dat daar oggend/middag dienste was grootliks omdat baie mense nog terug plaas toe (koeie melk ens) en seker dat vervoer maar ook stadig was. Groete Arend Brink [Aucland NZ]

Ek is nie seker wat in daardie jare die geval was in die stede nie, maar so onlangs soos 1964 was baie min plattelandse gebiede buite die dorpe geelektrifiseerd. Ek onthou goed dat die plaaskerk (Pansdrift?) buite Brits byvoorbeeld slegs oggenddienste gehad het omdat daar geen krag was nie. Die gemeente het ook van 'n voorsanger gebruik gemaak. Daar was geen kerkmusiek nie. Wat ek verder weet, is dat twee en meer Sondagdienste 'n taamlik "moderne" ding is. Tradisioneel was daar slegs oggenddienste gehou. Groete, David van Staden

------------------------------------------------------------------------

<u>Die volgende van Dr. Anton C. van Vollenhoven.</u>
[Anton is die Redakteur van Pretoriana, Tydskrif van die Pretoriase Historiese vereniging: Genootskap Ou-Pretoria]

Ek sal bly wees as jy die volgende versoek rig. Ek probeer tans om 2 Pretorianas uit te gee – 2003 en 2004, sodat ons volgende jaar 'n gedenkuitgawe van Pretoria 150 JAAR kan doen.

Ek sukkel egter met genoeg artikels en is maar hoofsaaklik op my eie goed aangewese. Ek het egter nie meer so baie tyd soos 'n jaar of wat terug nie, daarom sukkel ek maar ook om uit my eie pen genoeg stof bymekaar te maak.

Persone wat 'n bydrae kan lewer, kan dit aan my e-pos by antonvv@tshwane.gov.za  Raadpleeg gerus 'n vorige onlangse uitgawe van Pretoriana om te sien min of meer wat verwag word.

Enigiets wat op enige wyse, hoe gering ookal, 'n Pretoria verbintenis het is aanvaarbaar. Daarmee saam ook darem 'n bronnelys aan die einde van die artikel, of voetnootverwysings.

Groete, Anton

-----------------------------------------------------------

Die volgende kom van M.C. Heunis

Due to the large number of individual requests that we have received for our study pieces we have decided to re-issue the entire series in the next couple of weeks. They are:

OVSAC 1 - Boer Artillery Trophies in Australia and New Zealand

OVSAC 2 - The Boer Whitworth Guns (Revised)

OVSAC 3 - More on Boer Artillery Trophies in Aus and NZ

OVSAC 4 - Armstrong RML Guns of the Boer Republics

OVSAC 5 - Boer Artillery Trophies in Britain, Canada and India

OVSAC 6 - Boer Maxim Machine Guns

OVSAC 7 - Boer Clothing and Gear - A Guide for Re-enactors

OVSAC 8 - Monster Guns of the Anglo-Boer War

Please let us know by return mail to kruppgun@yahoo.co.uk which of these you would like to receive. Please also indicate whether they should be forwarded in MS-Word, Zipped MS-Word or Acrobat PDF.

Requests to reach us no later than Wednesday 4 August after which we will start re-sending the studies from No. 1 to No. 8.

Our apologies to those who have already requested study pieces and have not received them yet. They will be forwarded over the next few weeks.

Groete  MC Heunis
Officier van Administratie, Corps der Artillerie

PS: The long awaited OVSAC 9 - "The Boer Krupp Guns" will be circulated after the re-issue of the first eight pieces.
PLEASE INFORM US BY RETURN MAIL TO kruppgun@yahoo.co.uk SHOULD YOU NO LONGER CHOOSE TO RECEIVE OUR STUDY PIECES.

# ANGLO-BOER WAR

**SEMINAR AND TOUR, Monday 23 August 2004**
**FORT SCHANSKOP, VOORTREKKER MONUMENT, PRETORIA**

| | |
|---|---|
| 08:30 – 09:00 | Registration |
| 09:00 – 10:00 | Slide Show: Introduction: Visuals of The Anglo-Boer War - Nico van der Walt |
| 10:00 - 11:00 | Slide Show: The Anglo-Boer War – Dirk Theron |
| 11:00 – 12:00 | The Occupation of Pretoria – Gen. Albert Jansen |
| 12:00 – 13:00 | The Battle of Diamond Hill Reconsidered – Peet Coetzee |
| 13:00 – 14:00 | LUNCH |
| 14:00 – 18:00 | TOUR<br>The Staatsmodel School from where Winston Churchill made his famous escape, The Old Raadzaal (Paul Kruger's Government Building) and office, Pres. Kruger's House and the Church Street West Cemetery with Boer, British and Colonial graves. |
| 18:00 – 19:00 | SUPPER |
| 19:00 – 20:00 | General Jan Smuts: The Soldier - Prof. Deon Fourie |
| 20:00 – 21:00 | The Australians in Anglo Boer War – Tony O' Brien (Guest Speaker from Australia) |

► Price: Including seminar, lunch, supper and tour R120-00 pp

► For more information contact Nico van der Walt at
(012) 5422-641 / (082) 531-2795
nicolaas@tiscali.co.za

► Supported by the Fort Schanskop Society

► RESERVATIONS ESSENTIAL BEFORE Thursday 19 August 2004